



Bio-Insek beheer Appelbloedluis

Agro-Organics

Newsletter I
12 July 2006

Bio-Insek vir die beheer van Insekte met lewenssiklus in grond

'Biologiese beheer' is die gebruik van 'n biologiese produk soos bv. swamme, bakterieë, en insekte om skaadelike insekte en siektes te beheer.

Bio-Insek is 'n biologiese produk wat spore van die swam *Beauveria bassiana* bevat. Die swam kom wêreldwyd in die natuur voor en kan in die natuur gevind word op insekte wat deur dié swam geparasiteer word. Die swam is veral bekend as parasiet op die insek ordes Coleoptera (kewers), Lepidoptera (motte, skoenlappers) en Diptera (vlieë). Algemeen bekende insekte onder hierdie ordes sluit in: Snywurms, stinkluis, snuitkewers, stamruspes, blaarspringers, snuitkewers, bolwurm, bladrollers, landmeter wurms, witluis, blaaspootjies, witvlieg, eiers van die Lepidoptera (wurm) familie en nog vele meer. Die swam is nie bekend om enige effek op bye te hê nie.

Die swam groei by temperature tussen



8°C en 32°C met die optimum groeitemperatuur tussen 20° en 25°C. Donkere en koel (<25°C) temperature begunstig oorlewering van die swam in grond. Volgens literatuur kan spore van die swam onder droë toestande en lae temperature vir byna twee jaar in die grond oorleef.

Die swam het 'n wye aanwendingsveld en sluit in: alle landbougewasse, grasperke, huis-tuine, gholfbane ens. Byvoeging van molasse teen 0.2% by die spuitmengsel verhoog die effektiwiteit van die produk. Bio-Insek kan met 'n verskeidenheid produkte vermeng word, maar NIE met swamdoders NIE. (Lees etiket voor aanwending.)



APPELBLOEDLUIS BEHEER

Die fotos toon 'n besmette appelbloedluis wat met Bio-Insek besmet is drie weke vantevore na toegediening.

Waar Bio-Insek saam met Bio-Neem toegedien is was alle bloedluse in die monsters besmet, wat aandui dat Bio-Insek hoogs effektiief toegedien is.

In kontroles waar Bio-Insek alleen toegedien is, was daar na drie weke nog wel enkele onbesmette appelbloedluse.

Proewe is steeds aan die gang en registrasie van die kombinasie Bio-Insek en Bio-Neem is in 'n gevorderde stadium.

Ons stuur graag meer fotos op navraag per e-pos.

Agro-Organics Intern

Agro-Organics is tans besig om die webwerf verder te ontwikkel, en ons vra geduld. We will have our newsletters available in English. Please request at:

hans@agroorganics.co.za

Our distributor is Villa Crop Protection and their shareholders. Please visit their web-site to locate your area agent:

<http://www.villacrop.co.za>

Contact us if your trusted agent does not cover our range of products.

Any technical challenges can be addressed to:

strauss@agroorganics.co.za

Or just investigate our web-site:

<http://www.agro-organics.co.za>